SUMMARY: Western Cape Game Translocation and Utilisation Policy



CapeNature

www.capenature.co.za

For more information or to apply for a permit contact your local nature conservation office or visit www.capenature.co.za or contact (021) 483 0000

CAPENATURE is the public entity responsible for biodiversity conservation in the Western Cape. It discharges this mandate in terms of Schedule 4 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996) which sets out functional areas of concurrent national and provincial legislative competence.

The Western Cape Province of South Africa is a very special place. It contains more than 70% of the Cape Floristic Kingdom, one of the world's six floral kingdoms - the smallest, yet most biologically diverse in the world - and the only one to be contained within a single country. The province also contains three of the world's 34 biodiversity "hotspots", that is, places or regions with exceptionally high levels of biodiversity, but where environmental pressure on biodiversity is very high. The three top pressures on terrestrial biodiversity in the Western Cape Province are habitat transformation, invasive alien plant and animal species and excessively frequent fires.

CapeNature, with input from the Western Cape Game Forum, has completed a new Game Translocation and Utilisation Policy that stands – besides for its conservation value – as a benchmark for compromise and cooperation. This policy sets the parameters for the import into, export out of and transport of game animals within the Western Cape.

MANAGEMENT PLANS OR SPECIAL CONDITIONS

In terms of the policy it was agreed that the translocation of species outside of their historic distribution ranges (extralimital species)can only take place if the applicant is in possession of an approved management plan for his/her entire property addressing all the different species on the property.

Applicants who prefer not to have a management plan for his/her entire property may address the risks posed by an extralimital species through the implementation of special conditions or a "mini-management plan" for that specific species.

All management plans, special conditions or mini-management plans must be approved by CapeNature. [see Western Cape Game Translocation and Utilisation Policy: **http://www.capenature.co.za/resources.htm?sm[p1][category]=710**].

Extralimital species that require a management plan or special conditions:

- Blue wildebeest
- Common waterbuck
- Roan antelope
- Sable antelope

The management plan or special conditions must address the potential risk posed by the species and include detailed monitoring of the risks to ensure sustainable management of the receiving environment.

Please note:

- Blue wildebeest and black wildebeest may not be kept together on the same property without precautionary fencing to guard against hybridisation.
- For the same reason, bontebok, tsessebe and blesbok may not be kept together on the same property unless in separate camps set up according to CapeNature specifications.
- Blesbok and bontebok may not be kept in the same camp on the same property under any circumstances to ensure the prevention of hybridisation.
- Cape mountain zebra may not be kept in the same camp with any other zebra species or with horses or donkeys to guard against hybridisation.

HABITAT ASSESSMENT REQUIREMENTS

When giraffe are translocated into a landscape initiative such as the Gouritz Initiative or a biodiversity corridor area such as the Greater Cederberg Biodiversity Corridor, a habitat assessment is required.

A habitat assessment and approved special management conditions are required if Gemsbok is to be translocated to the Little Karoo (Riversdale, Montagu and Oudtshoorn areas).

ECOTYPICAL SPECIES

An ecotypical species is a naturally occurring species that has developed unique characteristics within the ecotype where it occurs. It may also include unique genetic features that are different to those from the same species in another habitat.

Western Cape ecotypical game species include:

- Mountain reedbuck
- Grey duiker
- Steenbok
- Klipspringer
- Grey rhebuck
- Cape grysbok
- Blue duiker
- Bushbuck
- Black rhino

Animals from the different ecotypes may not be mixed or moved/introduced outside of their ecotypical range.

PERMITS

No animal may be transported, imported or exported without a permit from the relevant conservation authority. Please ensure that you apply for a permit to ensure compliance.

OPSOMMING: Wes-Kaapse Wild Translokasie- en Benuttingsbeleid

CapeNature

www.capenature.co.za

Vir meer inligting of om aansoek te doen vir 'n permit, skakel met u plaaslike natuurbewaringskantoor of besoek www.capenature.co.za of skakel (021) 483 0000

CAPENATURE is die owerheid wat vir biodiversiteitsbewaring in die Wes-Kaap verantwoordelik is. CapeNature oefen hierdie mandaat uit ingevolge Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet no. 108 van 1996) wat die funksionele areas van parallele nasionale- en provinsiale wetgewende regsbevoegdheid uitstippel.

Die Wes-Kaapprovinsie van Suid-Afrika is 'n baie spesiale gebied. Dit bevat meer as 70% van die Kaapse Blommeryk, een van die wêreld se ses blommeryke – die kleinste, maar tog die mees biologies-diverse planteryk in die wêreld – en al planteryk wat geheel in een land voorkom. Die provinsie bevat ook een van die wêreld se 34 biodiversiteitbrandpuntgebiede - streke met uiters hoë vlakke van biodiversiteit, maar waar gepaardgaande omgewingsdruk op hierdie biodiversiteit baie hoog is. Die drie grootste bedreigings vir biodiversiteit in die Wes-Kaap is habitatverandering en -vernietiging, uitheemse plante- en dierespesies, en té gereelde brande in ons bergopvangsgebiede en elders.

Met insette van die georganiseerde Wildindustrie in die Wes-Kaap, het CapeNature 'n nuwe wildtranslokasiebeleid voltooi en goedgekeur, wat behalwe vir die bewaringswaarde daarvan, ook as 'n wegspringplek vir samewerking dien. Die beleid staan amptelik bekend as die Wes-Kaapse Wild Translokasie- en Benuttingsbeleid. Dit bepaal primêr die riglyne vir die invoer van wild na, die uitvoer uit en die vervoer daarvan binne die Wes-Kaap.

BESTUURSPLANNE OF SPESIALE VOORWAARDES

Ingevolge die beleid is daar ooreengekom dat wild wat nie histories in die Wes-Kaap voorgekom het nie, wel op plase aangehou kan word, indien eienaars instem om 'n bestuursplan vir die betrokke eiendom op te stel. Hierdie bestuursplan moet, onder andere die moontlike risiko's aanspreek wat die wildsoorte mag inhou vir die omgewing, sowel as die monitering daarvan en die bestuur van die gepaardgaande impakte. Aansoekers wat verkies om nie 'n bestuursplan vir sy/haar totale eiendom op te stel nie, kan die risiko's aanspreek vir die enkele wildsoorte deur die implementering van spesiale voorwaardes vir daardie betrokke spesie. Dit sal ook die monitering van die risiko's insluit.

Alle bestuursplanne of spesiale voorwaardes moet deur CapeNature goedgekeur word [sien bepalings in die Wes-Kaapse Wild Translokasie en Benuttingsbeleid: **http://www.capenature.co.za/resources.htm?sm[p1][category]=710**].

Wildsoorte waarvoor 'n bestuursplan- of spesiale voorwaardes benodig word:

- Blouwildebeest
- Waterbok
- Bastergemsbok
- Swartwitpens

Die bestuursplan of spesiale voorwaardes moet die potensiële risiko wat die betrokke wildsoort inhou aanspreek sowel as die deurlopende monitering van die potensiële risiko's om sodoende volhoubare bestuur van die natuurlike omgewing te verseker.

Let wel:

- Wildeienaars moet kennis neem dat blou- en swartwildebeest nie saam op dieselfde eiendom aangehou mag word nie, maar dat daar 'n heining volgens CapeNature se spesifikasies opgerig moet word wat die twee soorte skei om sodoende moontlike verbastering te voorkom.
- Voorts moet ook kennis geneem word dat blesbokke en bontebokke in aparte kampe aangehou moet word.
- Bontebokke, tsessebes en blesbokke hou ook 'n verbasteringgevaar in en mag nie op dieselfde eiendom aangehou word nie, tensy hulle in aparte kampe gehou word volgens CapeNature se spesifikasies.
- Kaapse Bergsebra mag nie saam met enige ander sebra spesie of perde en donkies in dieselfde kamp aangehou word nie, Dit is om verbastering te verhoed.

HABITATEVALUERING BENODIGHEDE

- Wanneer beplan word om kameelperde in 'n omgewing te vestig wat deel vorm van 'n landskap-inisiatief soos die Gourits-inisiatief of 'n biodiversiteitkorridor soos die Groter Cederberg Biodiversiteitkorridor, word 'n habitatevaluering verlang.
- 'n Habitatevaluering en goedgekeurde spesiale bestuursvoorwaardes word ook verlang indien gemsbokke in die Klein Karoo (Riversdal-, Montagu- en Oudtshoorn-gebiede) gevestig gaan word.

EKOTIPIESE WILDSOORTE

'n Ekotipiese wildsoort is 'n soort wat natuurlik in 'n gebied voorkom en wat unieke eienskappe binne die ekosisteem of omgewing waar dit voorkom, ontwikkel het. Dit mag ook unieke genetiese eienskappe of aanpassings insluit wat verskil van dié van dieselfde soort in 'n ander ekosisteem.

Ekotipiese wildsoorte sluit in:

- Rooiribbok
- Grysduiker
- Steenbok
- Klipspringer
- Vaalribbok
- Kaapse grysbok
- Blouduiker
- Bosbok
- Swart renoster

Individue van 'n wildsoort binne die verskillende ekotipes mag nie gemeng word of geskuif word buite hul ekotipiese omgewing nie.

PERMITTE

Geen wilde dier mag vervoer word, ingevoer- of uitgevoer word sonder 'n permit van die betrokke bewaringsowerheid nie. Maak altyd seker dat jy aansoek doen vir die onderskeie permitte om sodoende binne die wet op te tree.